**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VIRTUELE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 23 FEBRUARIE 2021 OM 10:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr H Vermeulen | : | Stadsbeplanner: Wes |
| Mnr. K Abrahams | : | Stadsbeplanner: Oos |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**BKN034/02/2021**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna die Direkteur Korporatiewe Dienste die vergadering open met gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die Stadsbeplanners wat die vergadering bywoon vir item **BKA050** rakende Piketberg se gebiedsplan.

***

**BKN035/02/2021**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN036/02/2021**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN037/02/2021**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 19 JANUARIE 2021**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering, soos gehou op Dinsdag 19 Januarie 2021, bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN038/02/2021**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 19 JANUARIE 2021**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag soos voorgelê.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN039/02/2021**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN040/02/2021**
**<u>KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN041/02/2021**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Voorsitter doen die volgende mededelings:</u>

Hy wens die Speaker, Raadsheer De Vries geluk met sy verjaarsdag wat hy op Donderdag 25 Februarie 2021 sal vier en gee kortliks terugvoer dat die Munisipale Bestuurder met die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gesprekke sal fasiliteer oor die Zuidland kwessie.

<u>Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:</u>

Sy wens die Speaker, Raadsheer De Vries geluk met sy verjaarsdag.

***

**BKN042/02/2021**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN043/02/2021**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN044/02/2021**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: VELDDRIF OORLAAISTASIE</u>**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee kortliks agtergrond.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Direkteur Tegniese Dienste die verslag, met betrekking tot die Velddrif Oorlaaistasie by die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos geskeduleer vir Donderdag 11 Maart 2021, voorlê vir bespreking.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (11/03/2021)***

***

**BKN045/02/2021**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: AFSKRYWINGS VAN UITSTAANDE REKENINGE**
**5/15/2**

Die Uitvoerende Onderburgemeester, Raadsdame Crafford lei die item kortliks in. Die Direkteur Finansiële Dienste gee aanvullende inligting.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die gevalle 4; 5; 6; 7; 8; 9; 10; 11; 13; 14; 15; 17 en 18 in die verslag, bestorwe boedel gevalle is waar die eienaar(s) reeds oorlede is en familie die eiendom bewoon. Die afskryf van die skuld spreek egter nie die probleem aan om die eiendomme oorgedra te kry na die huidige bewoner nie, en sal die eiendomsbelasting en dienste rekening altyd apart gestuur word, indien dit apart oopgemaak word. Waar die erfgename wel in proses is om die eiendom oor te dra kan die skuld by sodanige aansoek van belastinguitklaringsertifikaat afgeskryf word; en

2. Dat die volgende gevalle nie hierbo aangespreek word nie, en word dus apart aanbeveel vir afskrywing:

**2.1 Rekeningnommer:329878 (L. Zincke)**

Dat die debiteur 'n afbetalingsooreenkoms met die Munisipaliteit moet aangaan;

**2.2 Rekeningnommer:245018 (D & J Mbabane)**

Dat die uitstaande skuld ten bedrae van R 28,455.61 eenmalig afgeskryf word;

**2.3 Rekeningnommer:33239 (A.M.E. Kerk)**

Dat die uitstaande skuld ten bedrae van R 20,455.63 eenmalig afgeskryf word;

**2.4 Rekeningnommer:194557 (E. Jonathan)**

Dat die uitstaande skuld ten bedrae van R 9,229.05, eenmalig afgeskryf word;

**2.5 Rekeningnommer: 41906 (NA Claassen)**

Dat die uitstaande skuld ten bedrae van R 10,090.93 eenmalig afgeskryf word;

**2.6 Rekeningnommer: 51157 (CB & LMM Markus)**

Dat die debiteur 'n afbetalingsooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan; en

**2.7 Rekeningnommer: 99783 (Jasper Hoon Holding CC)**

Dat die uitstaande bedrag van R 4,780.98 afgeskryf word.

***

**BKN046/02/2021**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: WATERNETWERK OPGRADERING**
**9/1/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item breedvoerig in en meld dat ‘n vervangende verslag na afloop van die vergadering aan die Komitee voorsien sal word.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (23/03/2021)***

**BESLUIT**

1. Dat die konsultant van GLS ‘n aanbieding (in algemene taal en nie in ingenieurstaal) maak by die volgende Tegniese Dienste Staande komiteevergadering, soos geskeduleer vir Dinsdag 06 April 2021;
2. Dat die wyke/gebiede waar pypbreuke voorkom vroegtydig ingelig word;
3. Dat waar wateronderbrekings vir lang periodes voorkom, water beskikbaar gestel word aan die geaffekteerde inwoners van wyke/gebiede met ‘n watertrok; en
4. Dat die samestelling van die span wat die pypbreuk hanteer bestaan uit werknemers met die nodige kennis en kundigheid om sodoende herstelwerk te bespoedig.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (06/04/2021)***

***

**BKN047/02/2021**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: NOVEMBER AND DECEMBER 2020**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item kortliks in.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED COUNCIL**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for November and December 2020.

*******

**BKN048/02/2021**
**MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: NOVEMBER EN DESEMBER 2020**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDATIONS: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That Council take note of the December 2020 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act;
2. That Council take note that there were no expenditure incurred during the month of December 2020 to prevent the spread of COVID-19 and to aid in humanitarian relief during the period of lockdown; and
3. That Council take note of the expenditure in the amount of R1600.00 that is disclosed as irregular expenditure during the financial year of 2019/2020

and be condoned to be written off due to the fact that the Employee from Swartland Municipality did declare and the other Employee from the Department of Transport and Public Works was not aware and was an intern at that stage.

***

**BKN049/02/2021**
**NEW LONG TERM BORROWING APPROVAL MTREF 2019/20 – 2021/22**
**5/14/1/3**
***(Addisionele inligting word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item kortliks in en hou die aanbeveling voor.

Verskeie insette en kommentare word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That the capital projects and subsequent expenditure reflected in Table 1 (in the report) as approved in the 2020/2021 budget and MTREF be noted;
2. That approval be granted to raise long term debt in the amount of R15.2 Million to finance the capital projects contained in Table 1 in the report, over the MTREF Period 2020/21 – 2022/23;
3. That Council take note of the proposed debt repayment terms and debt repayment schedules attached as **Annexure A** in the report;
4. That Council take note of the anticipated total cost associated with the long term debt over the repayment period as per the attached **Annexure A** in the report;
5. That Council take note that no security will be pledged for the intended borrowing; and
6. That the Municipal Manager be authorized to sign all relevant documentation necessary for the execution of recommendation (2) above.

***

**BKN050/02/2021**
**PIKETBERG GATEWAY AND CENTRAL INTEGRATION ZONE PRECINCT PLAN**
**15/1/9**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in en hou die aanbevelings voor aan die Komitee vir oorweging.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die konsultante en al die betrokke departemente vir die samestelling van die gebiedsplan.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat kennis geneem word dat die Piketberg Gateway en Central Integration Zone Precinct Plan opgestel is vir 'n gebied wat in die Bergrivier Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (Bergrivier MROR, 2019-2024), in lyn met Artikel 21.(l)(i) van die Spatial Planning and Land Use Management Act (SPLUMA), 2013, geoormerk word vir 'n meer gedetailleerde gebiedsplan;

2. Dat die Piketberg Gateway en Central Integration Zone Precinct Plan gedateer Februarie 2021, opgestel deur Planning Partners Stads- en Streekbeplanners, GAPP Argitekte/Stedelike Ontwerpers and SMEC Ingenieurs, deur die Raad goedgekeur word; en

3. Dat die Raad versoek dat hierdie dokument 'n werksdokument is wat in ag geneem moet word by enige toekomstige beplanning en dat die Direksie versoek word om dit so in hul strategiese beplanning in te werk vir alle projekte wat in Piketberg geoormerk/uitgevoer word.

***

**BKN051/02/2021**
**GOEDKEURING VAN AANSUIWERINGSBEGROTING: 2020/2021**
**5/1/1**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in. Die Direkteur Finansiële Dienste gee aanvullende inligting tot die item.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank almal wat bygedra het tot die finalisering van die Aansuiweringsbegroting 2020/2021.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That the mid-year (second) annual adjustments budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2020/2021, be approved:

   i. Table B2: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by standard classification);

   ii. Table B3: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by municipal vote);

   iii. Table B4: Adjustments Budget Financial Performance (revenue by source);

   iv. Table B5: Adjustments Budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding;

   v. Table B6: Budgeted Financial Position;

   vi. Table B7: Budgeted Cash Flow;

   vii. Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation;

   viii. Table B9: Asset Management;

   ix. Table B10: Basic service delivery measurement;

   x. Supporting Tables SB1 – SB 20; and

2. That the adjustments budget be submitted to the authorities and in the format as required by law.

***

**BKN052/02/2021**
**<u>VERVANGING VAN LID VAN DIE OORSIGKOMITEE EN *EX OFFICIO* LID VAN DIE MPAC (MUNICIPAL PUBLIC ACCOUNTS COMMITTEE)</u>**
**12/2/3/68**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**<u>AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die Raad goedkeur dat Raadslid AA van Wyk dien as lid van die Oorsigkomitee- en *ex officio* lid van die MPAC.

***

**BKN053/02/2021**
**<u>NUWE LID: PRESTASIE- EN OUDITKOMITEE</u>**
**12/2/2/21**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die aansoeke wat ontvang is vir die vakature op die Prestasie- en Ouditkomitee;

2. Dat Me. Bolton voorgestel word om as lid van Bergrivier Munisipaliteit se Prestasie- en Ouditkomitee aangestel te word met ingang vanaf 01 Maart 2021 vir 'n periode van drie (3) jaar;

3. Dat Me. Kinnes voorgestel word om as lid van die Prestasie- en Ouditkomitee aangestel te word vanaf 01 September 2021 vir 'n periode van drie (3) jaar, in die plek van Mnr. Burton van Staaden wie se tweede termyn tot 'n einde sal kom op 31 Augustus 2021;

4. Dat Me. Kinnes die Risikokomiteevergaderings in Maart 2021 en Junie 2021 bywoon as 'n Eksterne Risikospesialis; en

5. Dat Me. Kinnes vanaf 01 September 2021 as lid van die Prestasie- en Ouditkomitee ook die Risikokomiteevergaderings sal bywoon.

***

**BKN054/02/2021**
**<u>AMENDMENT OF THE 2020/21 SERVICE DELIVERY BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) IN TERMS OF SECTION 54 (1) (C) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT (ACT 56 OF 2003)</u>**
**5/1/B**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item breedvoerig in.

**<u>RECOMMENDATION: FOR APPROVAL BY COUNCIL</u>**

That the amended 2020/21 SDBIP be approved in terms of Section 54(1) (c) of the Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003) (MFMA).

***

**BKN055/02/2021**
**INKOMSTEVERBETERINGSTRATEGIE**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag en opgedateerde aksieplan; en

2. Dat die opdateerde inkomsteverbeteringstrategie met gewysigde teikendatums, soos vervat in die aksieplan goedgekeur word.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN056/02/2021**
**BELYNING TUSSEN EKONOMIESE HERSTELPLAN EN DIE EKONOMIESE STRATEGIE**
**15/1/5/20**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in. Die Bestuurder: Strategiese Dienste gee aanvullende inligting.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Bestuurder: Strategiese Dienste vir die samestelling van die plan.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die belyning tussen die ekonomiese herstelplan en die ekonomiese strategie vir implementering met die nodige wysigings, soos uitgewys deur die Ekonomiese Ontwikkelingskomitee;

2. Dat 'n gesprek gefasiliteer word tussen die kantoor van die Uitvoerende Burgemeester, Strategiese Dienste en die Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuursafdeling (waar van toepassing), met betrekking tot die SMME's, Landbou-Kleinboere, die Informele Handelaars en bemagtiging van die boukontrakteurs; en

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

3. Dat die inisiatiewe wat uit die Kantoor van die Uitvoerende Burgemeester gedryf word ook in hierdie plan ingeskryf word.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**BKN057/02/2021**
**"SERVICE LEVEL AGREEMENT" (SLA) MET BERGRIVIER TOERISME-ORGANISASIE**
**12/2/3/24**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word vir bespreking by 'n volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering in Maart 2021 vir oorweging/goedkeuring.

***MUNISIPALE BESTUURDER (Maart 2021)***

***

**BKN058/02/2021**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: JANUARY 2021**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in. Die Interne Ouditeur gee aanvullende inligting.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for January 2021.

***INTERNE OUDITEUR***

***

**BKN059/02/2021**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN060/02/2021**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN061/02/2021**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN062/02/2021**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN063/02/2021**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN064/02/2021**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:35***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ___________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***